PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **13 NOVEMBER 2012**

Kantoor: LA Sport, 19de Straat no.27, Industria.
Tel. No. 015 297 8267
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter: Rudi Myburgh | Tel. No. 083 229 0148 | e-pos: myburghrudi@gmail.com |
| Ondervoorsitter: Bertus Visagie | Tel. No. 083 495 5134 | e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za |
| Sekretaris: Stephan du Plessis | Tel. No. 084 491 1165 | e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com |
| Tesourier: Ben Redelinghuys | Tel. No. 082 417 8857 | e-pos: ben@proquinn.co.za |


---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Verskonings / Apologies**<br>Stephan Coetsee, Ockert Fourie, Karin Fourie, Nico Bierman, Kobus Burger, Frans Roos, Nico Wepener, Ben Bronkhorst, Basie Buitendach, Dries Roux, Pieter Wentzel. | Almal |
| 1.3 | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.4 | **Mosies / Motions**<br><br>Die volgende persone wat operasies ondergaan het of nog moet ondergaan word sterkte toegewens; Frans Roos, Basie Buitendach en Ben Bronkhorst. | Almal |
| 1.5 | **Korrespondensie / Correspondence**<br><br>Geen korrespondensie is ontvang nie. | Almal |
| 1.6 | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.6.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 9 Oktober 2012.<br>1.6.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Geen regstellings is genotuleer nie.<br>1.6.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Denis Traynor<br>1.6.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Frikkie van Deventer | Almal |
| **1.7** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.7.1 BJV Jeugaksie<br>Stan Rodgers rapporteer dat daar geen aksies plaasgevind het sedert die laaste vergadering nie. Skole is tans ook besig met eksamens. | Stan Rodgers |
| | 1.7.2 Kalender 2013<br>Rudi rapporteer dat pryse vir die druk van die kalenders van BSB Drukkers ontvang is. Rudi-hulle is besig met die finalisering van die kalender. | Rudi Myburgh |
| | 1.7.3 Algemene Jaarvergadering - Uitvoerend<br>Rudi rapporteer dat die nuwe Uitvoerende Bestuur soos volg lyk:<br>Voorsitter: Nico Wepener<br>Onder-Voorsitters: Hansie Botha en Paul Grobler<br>Tesourier: Pieter Wentzel<br>Sekretaresse: Sofia Wepener<br>Debbie sal ook voortaan diens doen as administratiewe beampte van die vereniging en nie net van Pietersburg tak nie. Die BJV kantore sal ook weer van Louis Trichardt af terug skuif na Pietersburg toe en sal in Bicard straat no 3 wees. Die tak se kantoor skuif ook daarheen. Die reëling geld van 19 November 2012 af. Nuwe kontak besonderhede sal per sms en e-pos aan lede gestuur word.<br>Rudi rapporteer verder rakende sake wat tydens die AJV bespreek is. Op \`n vraag uit die vergadering rakende die debietorders noem Rudi dat daar in Oktober \`n lopie was en dat daat weer aan die einde van November \`n lopie sal wees. Lede moet hulle bankstate nagaan om seker te maak dat hulle gelde wel betaal is. Indien daar \`n probleem is kan Debbie gekontak | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | word. | |
| | 1.7.4 Dinee – 24 November 2012 | |
| | Rudi rapporteer dat die belangstelling baie goed is en dat al die beskikbare tafels vol is. Lede wat nog belang stel kan hulle name by Debbie opgee om op `n waglys geplaas te word sou daar enige kanselasies wees. | Almal |
| | 1.7.5 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat daar nog geen verdere verwikkelinge was nie. Die Stadsraad moet die tender vir die bestuur van die baan adverteer. BJV en Sportskiet beplan om gesamentlik te tender. Die baan sal gesluit wees tot 18 November 2012 vir `n kompetisie. | Rudi Myburgh |
| **1.8** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.8.1 Geen opleiding het plaasgevind sedert die laaste vergadering nie. | Stan Rodgers |
| **1.9** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.9.1 Algemeen | |
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Toegewyde jagters moet ook sorg dat hulle ledegelde vir die 2012/13 jaar op datum is voor die einde van November 2012. | Toegewyde jagters |
| | 1.9.2 Nuwe goedkeurings | |
| | Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke was gedurende die afgelope maand nie. | Almal |
| **1.10** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Ben Redelinghuys lewer sy verslag. Die verslag word aan die oorspronklike notule geheg. | BRedelinghuys |
| **1.11** | **Sosiaal / Social** | |
| | Almal word uitgenooi om te kom saam eet. Tak betaal R25.00 en lid die res van die koste. | Almal |
| **1.12** | **Skietdae** | |
| | 1.12.1 Skietdag (Terugvoer) – 20 Oktober 2012 | |
| | Dennis Traynor rapporteer dat die dag goed bygewoon is en `n sukses was. Dennis lees die name van die wenners voor. Rudi en Hester Myburgh is ook tydens die dag aangewys as die 2012 mans en dames Skut van die Jaar. | Dennis Traynor |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.12.2 Intertak Skietdag (Terugvoer) – 13 Oktober 2012<br><br>Dennis rapporteer dat Waterberg die kompetisie gewen het. Pietersburg was derde gewees. Daar het 12 spanne deelgeneem.<br><br>1.12.3 Intervereniging kwalifiserende skiet – 1 Desember 2012<br><br>Rudi rapporteer dat die skietdag waartydens lede vir die BJV se Intervereniging span kan kwalifiseer op 1 Desember 2012 buite Louis Trichardt sal plaasvind. E-pos met inligting is aan lede gestuur. | Dennis Traynor<br><br>Rudi Myburgh |

**2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING**
**NEW ISSUES FOR DISCUSSION**

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | Geen nuwe punte vir bespreking is op die agenda geplaas nie. | |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| | Rudi wens alle lede \`n geseënde kersfees en vakansie toe. Fanie Hattingh en Werner Thom bedank Rudi namens die vergadering vir sy werk die afgelope jaar. | Almal |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 5 Februarie 2013 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. Andrè de Lange sluit die vergadering met \`n gebed af. | |

## 6. GOEDGEKEUR
## APPROVED

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

______________________ ______________________

Voorsitter Datum